Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria- Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za



Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey street
P O Box 16163
Pretoria- North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail:navrae@daniemalan.co.za

GR R OB3 /2019

Liewe Gr R Ouers,

Al die maatjies lyk nog baie gelukkig – die trane is iets van die verlede.

Tema van die week:
By die skool en in die klas (28 Jan – 1 Feb)

Temabespreking:
- ✓ Ons gaan sommer lekker gesels oor die skool en kyk hoe dit by die "Groot Skool" lyk.

Wiskunde:
- Tel 1-5 en tel jou liggaamsdele, bv. 1 neus, 2 oë, 5 vingers
- Simmetrie
- Sirkels en ronde voorwerpe.
- 2D voorwerpe
- Tyd

Versie:
Dit is die skryfbord
Dit is die vloer
Dit is my ogies waarmee ek loer.
Sien jy die venster?
Sien jy die deur?
Kan jy 'n papier met jou hande skeur?

Huistaal:
- ❖ Klank: "m"
- ❖ Sigwoord: "doen"
- ❖ Tongoefeninge
- ❖ Oogoefeninge
- ❖ Visuele en ouditiewe diskriminasie

Liggaamsopvoeding:
- Beweging
- Ontdekking van bewegingsmoontlikhede
- Oog-voetkoördinasie
- Hardloop/ hop
- Ruimtelike oriëntasie
- Kompetisiespel
- Boontjiesakkies: tel en vang.

Uitvoerende kuns:
- & Ouditiewe figuuragtergrond
- & Ritmiese spraakpatrone en simmetrie

Lateraliteit:
- ➢ Die liggaam bestaan uit 'n linker en regterkant. Die twee ondersteun mekaar wanneer dinge gedoen word, bv. 'n mens gooi 'n bal met een hand, maar die ander hand swaai vir die aksie. U kan tuis hieraan aandag gee.

Voorbeelde:
- Sit op een hand terwyl ander hand krabbel
- Sit een hand op kop en skuif blokkies met jou ander hand
- Teken 'n prent met een hand en ander hand hou jou oor vas
- Vang/ rol bal met een hand

NB:
- ❖ Ons merk dat daar ouers is wat gereeld hul kinders laat kom afhaal by die klas.
- ❖ Maandag – Donderdag 14:00 en Vrydae: 13:00
- ❖ Wees asb. Stiptelik. Ons opvoeders het ook ander verpligtinge, bv. vergaderings, sport ens.

ONTHOU:
- Vrydag: Snoepie R10
  Swemklere.
- GEEN SPEELGOED ASB.

'n Kleutertjie is 'n wesentjie wat amper soveel genot uit 'n vyfhonderdrand skoppelmaai kan put as uit 'n klein groen wurmpie

Geniet die week!

Malanne maatjie Groete

Gr R Opvoeders